*Saterdag* **15 November**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 2:5-9 (AFR53)**
**Fokusgedeelte: Hebreërs 2:9**
**Christus is verhewe bo die engele**

Jesus Christus, die ewige Seun van God wat inderdaad ver verhewe is bo die engele, het Homself verneder en vir 'n kort tydjie minder as die engele geword. Toe die Seun van God mens geword het, het Hy Homself in sy menslike natuur ingeperk en in daardie opsig minder as die engele geword. Hy het nie net tot daar Homself verneder nie. Hy het Homself verder verneder tot in die lyde van die dood sodat Hy deur die genade van God vir elkeen die dood sou smaak.

In die fokusgedeelte het die Here so baie inligting saamgevat. Ons moet dit stukkie vir stukkie bekyk om die omvang van die troosvolle waarheid raak te sien. Alhoewel alles nog nie aan die mens onderwerp is nie en ook nie aan Jesus Christus nie, sien ons Hom nou al met heerlikheid en eer gekroon. Hy is gekroon tot ons ewige Koning, toe Hy opgevaar het na die hemel en aan die regterhand van sy Vader gaan sit het. Die Seun van God was van ewigheid belangriker as die engele. Dit was net vir 'n kort tydjie wat Hy minder as hulle gemaak is. Die heerlikheid en eer waarmee Hy gekroon is, het Hy deur die lyde en dood verdien sodat alles en almal kan weet dat Hy belangriker as die engele is.

Die Seun van God se selfvernedering deur mens te word en sy verdere vernedering tot in die dood, is die vervulling van Psalm 8. Vir 'n kort tydjie was Hy minder as die engele gemaak sodat Hy vir die uitverkorenes se sondes kon sterf. Al hierdie vernedering en minder word as die engele is nie iets wat maar sommer net gebeur het nie. Dit het gebeur sodat Hy deur die genade van God die dood vir almal sou smaak. Hierdie genade van God bestaan daarin dat God toelaat dat Hy as Middelaar vir ander sterf. Dit is deur die genade van God dat die saligheid verwerf is.

Om die dood te smaak beteken nie om maar net daaraan te proe nie. Daarmee word gesê dat Christus die dood ten volle beleef het vir elkeen. *"Elkeen"* beteken nie dat Christus vir alle mense hulle skuld betaal het nie. *"Elkeen"* is al die mense wat die voordeel van Christus se dood deur middel van die geloof in Hom belewe. Slegs vir hulle vir wie die Heilige Gees die ware geloof gee, is die dood van Christus voordelig.

Christus het inderdaad vir 'n kort tydjie minder as die engele geword sodat Hy die mense wat in sonde geval het, kan verlos deur sy kosbare bloed en hulle lewensdoel en bestemming kan herwin. Wie deur die geloof in Christus ingelyf is, is nou reeds 'n erfgenaam saam met Christus. Aangesien Christus met heerlikheid en eer gekroon is, sal almal wat in die geloof aan Hom behoort ook met heerlikheid en eer gekroon word om te heers oor al die werke van God se hande.

*Sing: Psalm 8-1:1, 3, 4*

*Ds. P (Pierre) Cilliers (Daniëlskuil/Duineveld)*